**Sondag 26 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 1**
**Fokusgedeelte: Psalm 1:3 (AFR83)**
**In God gewortel wees, stel die standaard vir jou hele lewe**

As jy jou lewe met ’n beeld moet beskryf, wat sal dit wees? In Psalm 1, wat die inleiding tot die res van die Psalms is, word daar twee beelde gebruik wat heeltemal teenoor mekaar staan. Die goddeloses is soos kaf, en dié wat in die Woord van die Here hulle vreugde vind, soos ’n boom.

Die boom aan die een kant staan vas en stewig en dit dra vrugte en die blare is altyd lewenskragtig. Kaf aan die ander kant is daardie deeltjie wat die koringkorrel vasgehou het en bloot wegwaai as die koring gedors word, omdat dit bykans niks weeg nie.

Met watter een van hierdie twee beelde assosieer jy? Wat egter van groter belang is, is die beeld waarmee God jou lewe beskryf!

Dié wat nie volgens sy standaard leef nie, sal voor Hom geen staanplek hê nie. Ongelowiges kan dalk in hulle eie kring die middelpunt van aandag wees waar alles net om mense draai. As gelowiges is dit onvermydelik dat ons in die wêreld voortdurend in aanraking sal wees met mense wat nie volgens God se standaard leef nie – heel dikwels doen ons dit self ook nie.

Daar is egter, ten spyte van ons eie ongehoorsaamheid, ook ’n ander werklikheid wat ons lewens moet bepaal en dit is ons verbintenis met God. Hierdie verbintenis is nie ’n natuurlike verbintenis nie. As ons fyn oplet na die woorde van vers 3, dan sien ons dat die boom nie vanself langs die water opgeskiet het nie. Dit is daar geplant en het dus sy bestaan te danke aan iemand wat dit kom plant het op die beste plek waar dit kan groei.

God het mense deur sy Gees in Jesus Christus ingeplant om as gelowiges te groei en vrug te dra volgens sy standaard (Kol. 2:7). Dit is die beeld wat ons moet hê en uitleef!

*Sing: Psalm 1-2:1*

*Prof. PC van der Walt (Chris) (TSP)*